



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**TOERISME**

**FEBRUARIE/MAART 2016**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

<b>ONDERWERPE IN DIE TOERISME KABV</b>		<b>AFKORTING</b>
Onderwerp 1	Toerismesektore	TS
Onderwerp 2	Kaartwerk en toerbeplanning	KTB
Onderwerp 3	Toerisme besienswaardighede	TB
Onderwerp 4	Volhoubare en verantwoordelike toerisme	VVT
Onderwerp 5	Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme	PSI
Onderwerp 6	Kultuur- en erfenistoerisme	KE
Onderwerp 7	Buitelandse valutaverhandeling	BVV
Onderwerp 8	Kommunikasie en kliëntediens	KK
Onderwerp 9	Bemarking	B

**AFDELING A: KORTVRAE****VRAAG 1**

1.1	1.1.1	D✓			KTB
	1.1.2	B✓			KTB
	1.1.3	D✓			KTB
	1.1.4	D✓			KTB
	1.1.5	D✓			KTB
	1.1.6	C✓			TB
	1.1.7	A✓			TB
	1.1.8	B✓			B
	1.1.9	D✓			B
	1.1.10	A✓			KE
	1.1.11	B✓			VVT
	1.1.12	C✓			VVT
	1.1.13	C✓			TS
	1.1.14	D✓			TS
	1.1.15	B✓			VVT
	1.1.16	A ✓			PSI
	1.1.17	B ✓			PSI
	1.1.18	D ✓			PSI
	1.1.19	B ✓			KK
	1.1.20	B ✓		(20 x 1)	KK (20)
1.2	1.2.1	BVK✓ (Bankverkoopkoers)			KTB
	1.2.2	Universele toegang✓			TB
	1.2.3	Korporatiewe maatskaplike belegging✓			VVT
	1.2.4	Wieg van die Mensdom✓			KE
	1.2.5	Byvoordele✓		(5 x 1)	TS (5)
1.3	1.3.1	Blou Moskee✓			TB
	1.3.2	toerbegroting✓			KTB
	1.3.3	groter ✓			TB
	1.3.4	eilande✓			KTB
	1.3.5	gedragskode✓		(5 x 1)	TS (5)
1.4	1.4.1	C ✓			KK
	1.4.2	D ✓			KK
	1.4.3	E ✓			KK
	1.4.4	B ✓			KK
	1.4.5	A ✓		(5 x 1)	KK (5)
1.5	1.5.1	Niagarawaterval✓			TB
	1.5.2	Taj Mahal✓			TB
	1.5.3	Drywende markte✓			TB
	1.5.4	Ayers Rots✓/Uluru			TB
	1.5.5	Grand Canyon✓		(5 x 1)	TB (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING;  
BUITELANDSEVALUTA-VERHANDELING****VRAAG 2**

- 2.1
- |   |                   |          |
|---|-------------------|----------|
| Sydney +10 (10:30)                          | Buenos Aires (-3) |          |
| Tydsverskil 10 + 3                          |                   | =13 ure✓ |
| Buenos Aires is 13 uur agter Sydney         |                   |          |
| 10:30 –✓ 13 uur                             |                   | = 21:30✓ |
| Tyd in Buenos Aires is 21:30 12 Junie 2015✓ |                   |          |
| <b>OF</b>                                   |                   |          |
| 21:30✓✓✓ - 12 Junie 2015✓                   |                   |          |
- KTB (4)
- 2.2
- |  |           |        |
|--|-----------|--------|
| New York -5 (9:00)                           | Lima (-5) |        |
| Tydsverskil                                  |           | 0✓     |
| Vliegtyd: 9:00 + ✓7 uur en 30 minute         |           | 16:30✓ |
| 16:30 – ✓1 uur DBT                           |           | 15:30  |
| Aankomstyd in Lima is 15:30✓ 21 August 2015✓ |           |        |
| <b>OF</b>                                    |           |        |
| 15:30✓✓✓✓ - 21 August 2015✓                  |           |        |
- KTB (6)
- 2.3
- |       |                  |         |
|-------|------------------|---------|
| 2.3.1 | Vlugvoosheid✓✓   | KTB (2) |
| 2.3.2 | Vluguitputting✓✓ | KTB (2) |
- [14]**

**VRAAG 3**

- 3.1
- 3.1.1
- Faktore soos vervoerplaapunte is weggelaat. ✓  
Etes: watter etes en waar etes gekry kan word, is weggelaat. ✓
- Die inligting oor aktiwiteite en besienswaardigheid is baie vaag.
  - Tyd
  - Tydsduur
  - Opsionele toere en uitstappies
- KTB (2)
- 3.1.2
- Datum: 21/10/2015✓ : Dag 3✓: Ontbyt✓ word in die eetsaal bedien. Ry na ontbyt met die gehuurde 4x4✓-voertuig na die San-kulturele nedersetting✓ waar jy die unieke San-danse kan ervaar✓ en kyk hoe hulle pyl en boë maak.  
Geniet middagete by die restaurant in die San-nedersetting of by die klein kafeetjies al langs die roete.✓ Middag – ontspanning. ✓
- KTB (8)

- 3.1.3 Nee, met hulle aankoms in Upington moet hulle nog hulle gehuurde voertuig gaan kry en ongeveer 250 km ry wat uitputtend kan wees en 'n risiko kan inhou as gevolg van die lang vlug en onbekende omgewing. ✓✓  
 • Dit sal te veel van 'n gejaag afgee.
- OF** KTB
- Ja, as hulle 'n kaart of GPS het, sal dit maklik wees om die pad te kry. Hulle kan onmiddellik vertrek sodat hulle by die Kgalagadi Oorgrenspark kan kom en dan vir die res van die aand kan rus.  
 • Dit sal voorkom dat hulle vir 'n ekstra nag se akkommodasie in Upington moet betaal. (2)
- 3.1.4 Hulle ry deur ruwe terrein✓ en deur 'n woestyn wat vereis dat die voertuie geskik moet wees om sulke paaie te kan hanteer. ✓ KTB (2)
- 3.1.5 Sonbrandroom✓ – die son kan baie warm raak en hulle sal beskerming teen sonbrand of sonsteek nodig hê.✓ KTB (2)  
 • Vat water saam om dehidrasie te voorkom.
- 3.1.6 Die Bloodhound-resies verskaf publisiteit aan die Noord-Kaap se unieke landskap vir toekomstige gebeurtenisse soos hierdie.✓✓  
 Dit sal toerismegroei na die area verhoog. ✓✓  
 • Dit sal die vermenigvuldiger effek in werking stel/ bydra tot die BBP. KTB  
 • Werkseleenthede sal geskep word. (4)  
 • Verbeterde infrastruktuurontwikkeling.
- 3.2 3.2.1 Mzansi-gesinne ✓✓ (2)
- 3.2.2 Dit pas by die profiel van hierdie marksegment omdat hulle buitelig avonture geniet en hulle daarvan sal hou om die Bloodhound-toetsrit te beleef.✓✓ KTB  
 • Dit is binne hulle inkomstegroep. (2)  
 • Kulturele belangstellings
- 3.3 3.3.1 £1 300, 00 x ✓15,66✓ = R20 358,00✓✓ BVV  
**OF**  
 R20 358,00✓✓✓✓ (4)
- 3.3.2 R550,00 ÷ ✓16,39✓ = £33,56✓✓ BVV  
**OF**  
 £33,56✓✓✓✓ (4)
- 3.3.3 Die Britse toeriste sal meer waarde vir hulle geld kry. ✓✓  
 Die Pond is sterk in vergelyking met die rand. ✓✓ BVV  
 • Meer spandeer-/koopkrag (4)

**[36]****TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISME BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN  
ERFENISTOERISME; BEMARKING****VRAAG 4**

- 4.1 4.1.1 A Italië✓  
B Frankryk✓ TB  
TB (2)
- 4.1.2 (a) Dit leun oor ✓✓  
• Dit is skuins TB  
• Dit lyk asof dit kan omval (2)
- (b) Die grond waarop dit gebou is, is sag of onstabiel en veroorsaak dat dit oorleun of skuins leun. ✓✓ TB  
• Die fondasie van die toring is nie solied nie en die fondasie sink aan die een kant omdat die grond sag is. (2)
- 4.1.3 Daar is 'n waarnemingstoring vanwaar toeriste Parys uit die lug kan sien. ✓✓  
• Daar is restaurante waar toeriste kan eet. TB  
• Aandenkingswinkels om geskenke te koop. TB  
• Sjampanjekroeg aan die bo-punt van die toring om iets te vier. TB  
• Gustav Eiffel se kantoor in die toring kan besoek word (museum). (2)
- 4.1.4 Universele toeganklikheid ✓✓  
• Hysbakke TB  
• Braille-aanwysings TB  
• Gebaretaalgidse TB  
• Rolstoel-opritte (2)
- 4.1.5 Big Ben is die naam wat algemeen gebruik word vir die klok in die toring. ✓✓ TB  
• Big Ben is die naam van die grootste van vyf klokke in die kloktoring (2)
- 4.2 4.2.1 Dit is die oorblyfsels van 'n antieke Inka stad ✓✓ hoog in die Andesberge. Dit verteenwoordig die argitektuur en leefstyl van die antieke Inka-beskawing. ✓✓ TB  
• 'n Heilige Inka-terrein TB  
• Dit is 'n Wêrelderfenisterrein. (4)
- 4.2.2 Deur die aantal besoekers te beperk, verseker dit dat die terrein volhoubaar gehou kan word vir die nageslag. ✓✓ TB  
• Die risiko dat die terrein beskadig gaan word deur te veel toeriste, word verminder. TB  
• Dit sal die waarde verhoog as slegs 'n beperkte aantal besoekers toegelaat word. Dit word dan meer eksklusief en iets wat baie besoekers graag sal wil sien. (2)

- 4.3 4.3.1 Spanje✓ TB (1)
- 4.3.2 **Ten gunste van:**  
 Toeriste hou daarvan om deel te neem aan kulturele aktiwiteite wat nie in hulle eie lande beskikbaar is nie.✓✓Baie toeriste beskou stiergevegte as 'n opwindende ervaring✓✓ TB
- Sommige mense vind dit nie afstootlik vir hulle eie vermaak nie.
- OF**
- Teen:**  
 Baie toeriste beskou stiergevegte as wreedheid teenoor diere en sal nie hierdie aktiwiteit ondersteun nie. ✓✓ Daar is 'n internasionale beweging wat hulle ten doel stel om stiergevegte te verbied. ✓✓ (4)
- Toeriste is nie verseker teen beserings wat hulle mag opdoen gedurende hierdie aktiwiteit nie.
  - Nagebootste stiergevegte verflou die kulturele rede vir stiergevegte. TB
  - Toeriste besoek Spanje en sy ander besienswaardighede ten spyte van die boikot teen stiergevegte. Dit het nie veel vermaakwaarde vir die toeriste nie, aangesien dit hoofsaaklik deur plaaslike mense bygewoon word en nie eintlik deur veel toeriste nie.
- 4.4 4.4.1 (a) Die Colosseum ✓ TB (1)
- (b) Gebou as grafte vir die Farao's, Egiptiese Konings.✓✓ TB (2)
- Baie werkers het gesterf gedurende die bou van die piramides.
- (c) Die Vryheidstandbeeld/Statue of Liberty ✓ TB (1)
- (d) Gebou deur die Franse en geskenk aan die VSA ter herdenking van die 100ste Amerikaanse Onafhanklikheidsverklaring.✓✓ TB (2)
- (e) Die Taj Mahal✓ TB (1)
- 4.4.2 Sewe Wonders van die Wêreld ✓✓ TB (2)
- Antieke argitektuur
- [32]**

**VRAAG 5**

- 5.1 A Die Wieg van die Mensdom✓  
B Die Vredefortkoepel✓ KE (2)
- 5.2 Noordwes✓✓ KE (2)
- 5.3 Verhoog die bemerkbaarheid van die TWEE besienswaardighede en Noordwes as 'n bestemming. ✓✓
- Hierdie TWEE terreine word primêre besienswaardighede met sekondêre besienswaardighede wat ook gedurende die reis besoek word.
  - Meer toeriste stel belang om hierdie twee terreine te besoek omdat dit van belang is vir die hele mensdom en dus 'n toename in die vraag na toerisme in Noordwes te weeg bring.
  - Verhoging in toerisme inkomste en plaaslike voordele omdat daar 'n vraag is na aandenkings en ander produkte en dienste .
  - Meer werksgeleenthede word geskep om die toevloei van toeriste na die Noordwes die areas waar die Wêrelderfenisterreine geleë is, te hanteer.
  - Toerismeontwikkeling in hierdie landelike grensareas.
  - Oorgrensvoordele vir Noordwes van toeriste na hierdie Wêrelderfenisterreine in Gauteng en die Vrystaat.
- KE (2)
- 5.4 'n Meteoriet het die aarde duisende jare gelede getref en die grootste meteoriete impakterrein ter wêreld veroorsaak. ✓✓
- Binne en buite sirkels is veroorsaak deur die geweldige krag vanaf die buitenste ruimte ('n meteoriet) wat die oppervlak van die aarde getref het.
- KE (2)
- 5.5 Die vroegste fondse van menslike fossiel oorskot is duisende jare later in ondergrondse grotte ontdek. ✓✓ KE (2)
- [10]**



6.1	VK✓ en Duitsland✓	B	(2)
6.2	Die mondelinge advertensie van meer as 300 000 toeriste maak ander mense in die land baie ontvanklik vir bemerkingspogings.✓✓		
	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Al hierdie lande het meer as dubbel die aantal toeriste as die 4de en 5de geplaasde markte, so die aantal wat sal terugkeer, bring ander mense saam met hulle. Dit sal 'n beter opbrengs op belegging hê as hierdie top 3 markte bemark word.</li> <li>• Ons top 3 inkomste genererende markte moet in stand gehou word omdat dit hulle is wat die meeste toeriste spandering bewerkstellig.</li> <li>• Dit sal verder die volumes vanuit hierdie markte verhoog.</li> <li>• Dit sal verder die bewustheid van Suid-Afrika as 'n reis- bestemming verhoog.</li> </ul>	B	(2)
6.3	Wêreldreismark ('World Travel Market/WTM')✓ wat in Londen, VK gehou word ITB✓ wat in Berlyn, Duitsland gehou word	B	(2)
6.4	1% toerisme heffing word deur TOMSA by toerismebesighede verhaal wat deur Suid-Afrikaanse Toerisme gebruik word vir die bemarking van Suid-Afrika as 'n toeristebestemming.✓✓	B	(2)
			<b>[8]</b>
	<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>50</b>

**AFDELING D: TOERISESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME****VRAAG 7**

- 7.1 Motorverhuringsmaatskappy A – Simply die Cheapest Motorverhurings ✓✓ TS (2)
- 7.2 Motorverhuringsmaatskappy A straal nie 'n professionele beeld na buite uit nie omdat...  
die persoon in die advertensie nie 'n professionele uniform aanhet wat gewoonlik met motorverhuringsmaatskappye verbind word nie. ✓✓  
dit 'n ouer model, beskadigde motor is wat waarskynlik nie padwaardig is nie en kliënte gestrand kan laat. ✓✓  
die maatskappy die verbruiker mislei met onwaar beloftes van waarde vir geld. ✓✓  
• Die maatskappy se advertensie nie enige kontakbesonderhede bevat nie. TS (6)
- 7.3 7.3.1 Kliënte sal die mededingers (opposisie) ondersteun. ✓✓  
Negatiewe mondelinge advertensie mag minder kliënte tot gevolg hê. ✓✓ TS (4)
- Winsgrense sal afneem
  - Werknemers kan verminder
  - Moontlike sluiting van die besigheid
- 7.3.2 Deur gepas aan te trek vir werk. ✓✓  
Deur uitstaande kliëntediens te lewer. ✓✓ TS (4)
- Deur hulleself goed te versorg
  - Deur uitstaande kommunikasievaardighede aan te leer
  - Deur kundig te wees.
  - Deur deel te neem aan korporatiewe maatskaplike verantwoordelikhediprogramme van die maatskappy.
- [16]**

**VRAAG 8**

- 8.1 8.1.1 Om toeriste op te voed oor verantwoordelike gedrag wanneer hulle die park besoek. ✓✓ SRT (2)
- Om toeriste op te voed en pro-omgewingsgedrag te stimuleer.
- 8.1.2 Rommelstrooi ✓✓ SRT (2)
- Die verwydering van plante en wildlewe uit hulle natuurlike habitat.
  - Rook in die park.
  - Bestuur en die gebruik van selfone
  - Moenie die gorilla park besoek wanneer jy siek is nie.
  - Alleen afdwaal in die park.

- 8.1.3 Gorillas sal bang en bedreig voel en mag aanval. ✓✓  
 • Mag hulle gevoel van vrees verloor en menslike spasie betree. (2)
- 8.1.4 Te veel mense om die gorillas kan hulle bangmaak. ✓✓  
 • Verminder mens-dier interaksie SRT  
 • Verminder oorblootstelling aan/gemaklikheid met mense  
 • Laat gorillas toe om vry in die natuur te funksioneer. (2)
- 8.1.5 Hulle kan 'n waarskuwing van die bestuur van die park ontvang. ✓✓  
 • Hulle kan 'n boete opgelê word. SRT  
 • Hulle kan uit die park verwyder word.  
 • Hulle kan gevra word om as vrywilligers in die park te kom werk. (2)
- 8.2 Die park kan plaaslike mense in diens neem om in die park te werk. ✓✓ Plaaslike mense kan 'n plek kry en die geleentheid gegee word waar hulle plaaslik-vervaardigde goedere aan toeriste kan verkoop en hulle kultuur ten toon te stel. ✓✓ SRT (4)  
 • Die park kan plaaslik-vervaardigde goedere aankoop.  
 • Om plaaslike inwoners op te lei om met gorillas te werk. [14]
- TOTAAL AFDELING D: 30**

**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME;  
KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS****VRAAG 9**

- 9.1 9.1.1 'n Beraad is 'n byeenkoms van staatshoofde. G8 omdat Rusland oorspronklik ingesluit was, maar as gevolg van politieke redes, is Rusland weggelaat – dus G7. ✓✓ PSI (2)
- 9.1.2 Die situasie het onvoorspelbare/negatiewe persepsies en beeld van Rusland veroorsaak. ✓✓  
Afname in toeristegetalle wat tot 'n verlies aan inkomste vir daardie land gelei het. ✓✓ PSI (4)
- 9.1.3 Gebruik massavervoer soos busse, toerbusse en treine om die hoeveelheid voertuie te verminder. ✓✓ Skep parkeer-en-vertrek fasiliteite of pendeldienste wat die aantal voertuie sal verminder. ✓✓ Gebruik energie- en brandstofbesparende voertuie soos elektriese motors om CO2 vrystellings te verminder. ✓✓
- Gebruik alternatiewe vorms van vervoer soos fietse.
  - Gaan naby aan die konferensie tuis en stap daarheen.
  - Gebruik motorpoele
  - Gebruik minder privaat stralers en maak liever gebruik van groter lugdienste.
  - Vermy dit om motors te huur; maak liever gebruik van vervoer wat deur die konferensie-organiseerders gereël is.
  - Maak pad- en roetekaarte beskikbaar wat die kortste reisafstand aandui.
- PSI (6)
- 9.1.4 Omdat Brussels die G7-beraad aangebied het, is ekonomiese, maatskaplike en omgewingsgroei vir die huidige en vir die toekoms gestimuleer. ✓✓
- Buitelandse inkomste is gegenerer/ beleggings/ werkskepping
  - Groter publisiteit/positiewe beeld
  - Infrastruktuurontwikkeling
  - Vaardigheidsontwikkeling
  - Deursigtigheid oor wêreldkwessies
- PSI (2)
- 9.2 9.2.1 Daar is nie meer 'n vraag na reisigerstjeks nie en is deur handelaars in Suid-Afrika onttrek. ✓✓
- Reisigerstjeks word nie meer gebruik nie.
- PSI (2)
- 9.2.2 Voorafgelaaiete buitelandse valuta debietkaarte ✓  
Debietkaarte ✓
- Kredietkaarte
  - Buitelandse valuta
  - 'Moneygram'
  - 'SWIFT'-oorplasing
- PSI (2)

- 9.3 Gasvrye en vriendelike mense ✓✓  
Goeie diensstandaarde ✓✓
- Gunstige rand wisselkoers
  - Goeie infrastruktuur
  - Die aanbied van wêreldgebeure soos die FIFA 2014 maak van Suid-Afrika 'n gunstige bestemming PSI
  - Bied diverse ervarings
  - Baie besigheidsgelenthede
  - Kan 'n verskeidenheid kulture en erfenis ervaar
  - Asemrowende natuurskoon
  - Bekende SA-persoonlikhede (4)
- [22]**

**VRAAG 10**

- 10.1 Bespreek die kwessies waaroor mnr. Turner ongelukkig was, met die betrokke departemente. ✓✓  
Stuur personeel vir opleidingskursusse om hulle toe te rus om in die toekoms beter kwaliteit diens te lewer. ✓✓ KK
- Opleiding van personeel wat praktiese ervaring insluit, sal die manier waarop probleme opgelos word en klagtes gehanteer word, verbeter.
  - Personeel se eerlikheid is uiters belangrik (4)
- 10.2 Help om die bedryf van die hotel meer suksesvol te maak deur areas te identifiseer wat verbeterings binne die hotel vereis. ✓✓  
Help om beter verhoudings met kliënte te bou. ✓✓ KK
- Bou 'n beter besigheid.
  - Verbeter kliëntetevredenheid en moedig terugkeerbesoeke aan. (4)
- [8]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**  
**GROOTTOTAAL: 200**